NG Kerk
Vrystaat

*Erediens*

# Wet Alt1

# WET ALTERNATIEF 1

Ek is die Here, jou God.
Jesus het jou deur sy kruis en opstanding vrygemaak van die slawerny van sonde.
Daarom behoort jy aan My.
Lei daarom 'n lewe van dankbaarheid wat wys dat jy vrygemaak is.

1. Moenie by ander gode steun soek nie. Hulle laat jou vroeër of later in die steek.

2. Ek is altyd by jou teenwoordig. Daarom hoef jy nie allerlei stom beelde te maak om My teenwoordig te probeer maak nie.

3. Moenie My beledig deur jou goddelose óf vrome gevloek nie.

4. Maak van Sondag 'n mooi en rustige dag. Die Here het op dié dag opgestaan.

5. Hou jou pa en ma se naam hoog. Hulle sal hulleself te kort doen ter wille van jou.

6. Respekteer ander mense lewe. Hulle het dit immers van My ontvang.

7. As jy getroud is, moet jy getrou bly aan jou man of vrou. Veg vir die geluk van jou lewensmaat.

8. Moenie vat wat aan iemand anders behoort nie.

9. Deur die woorde wat jy gebruik – in die openbaar of in die geheim – kan jy jou medemens maak of breek.

10. Moenie jaloers wees op die geluk en voorspoed van ander nie.

## Skuldbelydenis en verootmoediging

**Gemeente:** Lied 25 vs 4

**Liturg:** Omdat ons glo, is ons saak met God nou reg. Hy is nie meer kwaad vir ons oor al ons sondes nie.
Daar is nou vrede tussen Hom en ons. Dit is natuurlik alles te danke aan ons Here Jesus Christus.
Hy het gesorg dat ons in 'n splinternuwe verhouding met God staan. Christus het die deur van God se genade wawyd oopgemaak vir ons. Nou kan ons feesvier. Ons weet immers dat daar ook vir ons plek in God se nuwe wêreld is.
Romeine 5 uit Die Boodskap.

(Uit 'n vorige riglyn uit 2002 by www.leesrooster.co.za, Handelinge 02 14 46-41 14 April 2002)